# Aartappelbedryf verloor beskerming teen gestorte skyfies

Deur Carien Kruger en Johan van der Merwe | 12 Julie 2021 | 142 keer gelees



Foto: Charl van Rooyen.

Die plaaslike aartappelbedryf het vir eers sy beskerming teen gestorte bevrore aartappelskyfies uit België en Nederland verloor.

Die teenstortingstarief op dié produkte was van 26 Januarie 2016 tot 26 Januarie 2021 van krag en die opheffing daarvan is op 9 Julie 2021 in die *Staatskoerant* afgekondig.

Die voedselmaatskappy McCain het vroeër by die kommissie vir internasionale handelsadministrasie (Itac) aansoek gedoen om die herinstelling van die tarief vir 'n verdere vyf jaar, maar Itac het nie die aansoek binne die voorgeskrewe 18 maande afgehandel nie.

Volgens mnr. Willie Jacobs, uitvoerende hoof van Aartappels Suid-Afrika (ASA), is daar verlede jaar altesaam 18 417 ton bevrore skyfies ingevoer, wat 'n afname van 61% van 2010 tot 2020 behels.

Invoer as sodanig is volgens hom nie die probleem vir die plaaslike bedryf nie, maar wel storting. "Invoer wat goedkoper as 'n billike markwaarde aan die plaaslike verbruiker beskikbaar is, bedreig plaaslike produsente se volhoubaarheid. In so 'n geval word die volgehoue voorsiening van bekostigbare, vars aartappels aan die verbruiker bedreig en dit wil ons voorkom."

ASA is nie regstreeks by enige Itac-aansoeke betrokke nie. As spreekbuis van die bedryf bied hy wel ondersteunende inligting aan aansoekers. "Die grootste risiko vir die bedryf en die verbruiker is wisselvalligheid in gehalte en volumes, en dus die prys," sê Jacobs. "Van ASA se kant af probeer ons baie hard om duidelikheid te verskaf van die mark en produksieverwagtinge."

**Nuwe aansoek nodig**

Itac het aan *Landbouweekblad* bevestig dat McCain se aansoek vir die herinstelling van die teenstortingstarief nie teen 26 Januarie afgehandel was nie en gesê dat die aansoeker 'n nuwe aansoek vir so 'n tarief kan bring, maar dat dit dan 'n teenstortingsondersoek sal behels. Itac het ook einde Junie gesê dat die bestaande tarief toe steeds gehef is omdat 'n wetlike voorgeskrewe proses gevolg moet word om dit op te hef.

Etlin International en Merlog Foods, maatskappye wat bevrore aartappelskyfies invoer, het 'n aansoek in die hooggeregshof in Pretoria gebring om die betrokke staatsinstellings te dwing om die tarief op te hef, maar voordat die saak aangehoor is, is die opheffing van die tarief afgekondig.

Mnr. Donald MacKay, 'n direkteur van XA International Trade Advisors wat Etlin met handelskwessies bystaan, het gesê dat die hofaansoek daarom teruggetrek is. Hy het vroeër in 'n blog op XA International Trade Advisors se webblad sekere Itac-prosesse skerp gekritiseer en gesê dat voorspelbare prosesse baie belangrik is.

**Kwesbaar**

Volgens Jacobs het die plaaslike bedryf die afgelope vyf jaar reeds meer as 4 000 ha, nagenoeg 10% van die totale produksiekapasiteit, verloor as gevolg van die lae marge en hoë risiko verbonde aan aartappelproduksie. "Dis 'n feit dat die bedryfsmarge vir aartappels oor 'n lang tydperk bly afneem omdat die inflasie-aangepaste prys oor jare heen sywaarts beweeg en die insetkoste baie vinniger as inflasie styg."

Die bedryf is dus reeds kwesbaar, maar steeds kry plaaslike produsente dit reg om teen 'n bekostigbare prys vars aartappels vir 12 maande van die jaar aan die verbruiker te voorsien. Indien daar dus nie beskerming teen goedkoop invoer vir plaaslike produsente is nie, is die kans groot dat aartappelprodusente die bedryf sal verlaat en dus die sekerheid van voorsiening van aartappels aan die verbruiker in gedrang sal bring.